HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nr. 06 van 2024

1 Maart 2024

BEHEERLIGGAAMKANDIDATE

Geagte Ouer/Voog,

Vind asseblief hieronder 'n lys van die kandidate wat vir die verkiesing van die Beheerliggaam staan wat van 2024 tot 2027 sal dien.

Ouers en voogde wat nog nie *d6 Connect* geïnstalleer het nie, word vriendelik versoek om dit vandag te doen, sodat almal Maandag aan die verkiesing kan deelneem.

GET IT ON Google Play | Available on the App Store | EXPLORE IT ON AppGallery

Stem proses

Wettige voogde (biologiese ouers en hof aangewysde voogde) ontvang almal om 07:30 op **Maandag 4 Maart** 'n kennisgewing van die verkiesing. U het 8½ ure (tot 16:00) geleentheid om u keuses te maak vir 'n maksimum van nege ouers/voogde om op die beheerliggaam te dien.

Die proses werk soos op Algemene Oueromsendbrief nr. 05 van 2024 aangedui. Indien u enige tegniese probleme ondervind op die dag, sal daar hulp beskikbaar wees by ontvangs.

Randjiegroete.

Mnr E. Engelbrecht
Verkiesingsbeampte

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

BEHEERLIGGAAMKANDIDATE

(Alfabeties volgens van gelys)

CHRISTOFF BADENHORST

Kinders in Graad 9 en Graad 11

PROFESSIONELE AGTERGROND

Meganiese Ingenieur - Hoof van Projekte Petra Diamonds Ltd

VISIE VIR DIE SKOOL

Ek is passievol oor Hoërskool Randburg en dien sedert 2023 op die Beheerliggaam.

My visie vir die skool is om voort te bou op die tradisies en 'n hoë akademiese standaard wat huidig gehandhaaf word. Verder moet daar ‘n plek wees vir elke kind om sport en kultuur te kan uitleef on sodoende ‘n gebalanseerde Randjie te kan wees en hulle voor te berei vir die uitdagings wat na skool wag.

KENNETH COLIN

Kinders in graad 9 & graad 12

PROFESSIONELE AGTERGROND

CA(SA), MCOM (Tax), HDIP(Tax), werk tans vir Sasol as korporatiewe belastingspesialis

VISIE VIR DIE SKOOL

Ek dien vir die afgelope vier jaar as tesourier op die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg en sal graag my kundigheid en bereidwilligheid wil voortsit om 'n verskil vir die skool en sy leerders te maak.

My visie vir Hoërskool Randburg is om vir elke leerder, ongeag hulle agtergrond, 'n omgewing te skep waar hy/sy hul volle potensiaal kan bereik. Verder voorsien ek dat die skool 'n inklusiewe platvorm sal wees om elke leerder op 'n holistiese wyse vir die lewe na skool te bemagtig sodat hulle as jong volwassenes 'n wesenlike impak in 'n gebroke samelewing kan maak.

DRIEKIE (HENDRINA) HAVENGA

Kinders in graad 8 & graad 11

PROFESSIONELE AGTERGROND

Beroep: Hoof - Etiek en Menseregte (Nedbank Groep).

Uit die aard van my werk die afgelope 25 jaar in Etiek, Menseregte, Risikobestuur, Anti-korrupsie, Nakomingsbestuur, Korporatiewe Bestuur en Menslike Hulpbronbestuur, weet ek dat ek 'n beduidendende bydrae kan maak om nie net ons skool teen eksterne aanslae te beskerm nie, maar ook daartoe by te dra dat ons leerlinge en skool se regte beskerm word.

Ek het vir 12 jaar as lid van die United Nations Global Compact Advisory Committee vir Suid-Afrika gedien en 'n verdere vier jaar as 'n nie-uitvoerende direksielid. Spesifiek in terme van kinderregte het hierdie werk 'n fokus van kinderregte-kwessies en hoe dit in verskeie oorsese lande volgens die beste praktyke bestuur word, in samewerking met organisasies soos die Global Child Forum, CRES (Corporate Responsibility to Eliminate the Sale of Children, Interpol en Unicef.

My werk die afgelope 17 jaar behels verder die skepping/implementering en monitering van strategieë, beleide, raamwerke, opleiding, adviserend, risikobestuur, gedragsondersoeke, dissiplinêre verhore en etieksinisiatiewe, ondervinding wat ek glo ook ten gunste van die skool gebruik kan word.

Ek was ook tydens 2022/2023 deel van die span in Laerskool Unika wat die skool se nuwe leierskapsprogram help ontwikkel het.

Kwalifikasies:

- B. Com Bedryfsielkunde (UJ)
- Nagraadse Diploma in Nakominbestuur (UJ)
- International Executive Development Programme (Wits Business School)
- Certified Ethics Officer (The Ethics Institute No: EO 028)
- Certified Fraud Examiner, Advanced Certificate: Fraud Examination (ACFE SA CFE31473911, en Kommissaris van Ede)
- Sustainability Practitioner (University of Cambridge, Institute for d' Building)
- The Thinking Environment

VISIE VIR DIE SKOOL

Die beskerming en ondersteuning van kinders en kinderregte was nog altyd 'n persoonlike passie wat ek ook in my beroep uitleef. In hedendaagse tye waar die Afrikaanse kultuur moet veg vir voortbestaan, veral soos in Afrikaanse publieke skole, wil ek graag meewerk om 'n versekerde toekoms te bewerkstellig waar ons veral kan aandag gee aan die veranderinge/uitdagings in die Suid-Afrikaanse Skolewet, wat problematies word in terme van taalbeleide, kurrikulêre kontrole deur die Departement en die Departement se transformasie-agenda. My visie is om te verseker dat ons skool bestaansreg het met die gepaste kultuur en taal wat vir ons kinders en hulle nageslagte behoue bly.

CORLI LE ROUX

Kind in graad 10

PROFESSIONELE AGTERGROND

Ek werk tans as konsultant vir 'n VN-organisasie wat sosio-ekonomiese volhoubaarheid (*sustainability*) in die finansiële markte bevorder.

B.A. LL.B. Cert.Dir.®

VISIE VIR DIE SKOOL

Ek dien sedert 2021 op Hoërskool Randburg se beheerliggaam (in 2023 as ondervoorsitter) en glo dat die beheerliggaam 'n kritieke skakel tussen die ouergemeenskap en die skool is. Goeie wisselwerking is noodsaaklik sodat ons, as ouers, die skool kan ondersteun en help toerus om die uitdagings wat voorlê, aan te pak. Sodoende kan ons die hoë kwaliteit van onderrig beskerm en die skep van 'n positiewe skoolomgewing vir ons kinders verseker. Ek glo dat Hoërskool Randburg se bestuur en onderwysers hierdie toekomsvisie deel, maar 'n sterk vennootskap met die ouers benodig om van krag tot krag te gaan. Vir hierdie doel stel ek myself graag weer beskikbaar in diens van die skool en sy ouergemeenskap.

MOTSELISI MOSIANA

Kind in graad 8

PROFESSIONELE AGTERGROND

Radiographer/Entrepreneur

VISIE VIR DIE SKOOL

The school where visionaries are born and shaped to be future leaders, who will lead our country as God fearing nation, be innovative to make South Africa a technology hub for Africa, solving critical challenges, improving the economy of the country while building the nation.

HUBERT NAUDE

Kind in graad 11

PROFESSIONELE AGTERGROND

Chemiese Ingenieur en kommersiële bestuurder

VISIE VIR DIE SKOOL

'n Christelik georiënteerde Afrikaanse skool wat in belang van die individu optree om hom/haar toe te rus om die volwasse lewe met vertroue te kan aanpak.

JACO PRETORIUS

Kind in graad 9

PROFESSIONELE AGTERGROND

Ek praktiseer as advokaat en is sedert 2002 lid van die Johannesburg Balie (praktiserend as prokureur van 2000 tot 2002) en spesialiseer in kommersiële reg.

VISIE VIR DIE SKOOL

Ek is die trotse pa van drie seuns – twee reeds deur matriek by Hoërskool Randburg en ons jongste in graad nege. Ek het die afgelope ses jaar op Hoërskool Randburg se beheerliggaam gedien, spesifiek in die portefeuljes finansies en regsaangeleenthede. Ek glo dat my ervaring van twaalf jaar in dié portefeuljes (ingesluit ses jaar op 'n laerskool-beheerliggaam) tot aanwins van die skool sal bly. Ek sien uit om die leerders, hul ouers en die skool vir 'n verdere termyn te dien.

PIETER VAN DER WALT

Kinders in graad 9 & graad 12

PROFESSIONELE AGTERGROND

Data-privaatheidsbeampte

VISIE VIR DIE SKOOL

As 'n ouer van Hoërskool Randburg is my visie om aktief tot die skool se groei en sukses by te dra. Ek is toegewyd daaraan om te verseker dat ons kinders die beste moontlike onderrig in 'n veilige en ondersteunende omgewing ontvang. Ek sal saamwerk met ander ouers, opvoeders en gemeenskapslede om deursigtigheid, verantwoordbaarheid en uitnemendheid te bevorder. My doel is om beleid en besluite te help vorm wat alle leerders ten goede kom, die skool se waardes handhaaf en 'n gevoel van trots en eenheid binne ons skoolgemeenskap bevorder.

STEVEN VELTHUYSEN

Kind in graad 10

PROFESSIONELE AGTERGROND

Executive: Legal, Secretarial and Human Resources

VISIE VIR DIE SKOOL

- Om die Christelike en Afrikaanse waardes waarop Hoërskool Randburg homself gevestig het ten alle koste te bewaar en uit te te bou.
- Die voortsetting van n omgewing waar:
  - ons kinders die nommer een prioriteit is
  - geanker in Christelike lewensbeginsels
  - verantwoordelike en deursigte bestuur toegepas word
  - gesonde werksetiek gehantaaf word
- In venootskap met onderwysers, ouers, en die gemeenskap ‘n gelukkige en veilige omgewing vir ons kinders te skep.

RUDI WHITE

Kind in graad 9

PROFESSIONELE AGTERGROND

Besigheidsmakelaar

VISIE VIR DIE SKOOL

My visie is 'n skool waar elke leerling hom/haar kan uitleef in 'n veilige omgewing met diverse aanbiedinge sodat elkeen kan terugkyk en met trots kan sê hulle was 'n Randjie.

Dis ook baie belangrik dat elke leerling voorberei moet word vir 'n lewe na skool waar hulle krities moet kan dink en 'n bydraende lidmaat van die gemeenskap word met 'n besef hulle moet lewenslank leerders wees wat hulleself konstant verbeter.